Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# INTERMEDIÊRE FASE

## GRAAD 6

## NOVEMBER 2018

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

**PUNTE:** **40**

**TYD:** **2 uur**

**NAAM:** ______________________________

*6AFAL2*

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A | Lees en Kyk | (Totaal 25 punte) |
| | ŉ Koerantberig | (10 punte) |
| | ŉ Boekomslag | (5 punte) |
| | ŉ Gedig | (10 punte) |
| AFDELING B | Taalstrukture en Konvensies | (30 ÷ 2 = 15 punte) |

2. Lees die tekste en vrae goed deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Moenie verkeerd van die vraestel afskryf nie.

5. Nommer jou antwoorde korrek sodat dit met die vraestel ooreenstem.

6. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEES EN KYK: KOERANTBERIG

Lees die onderstaande koerantberig en beantwoord vrae 1–9.

### KOUGA IS MEER WATERPLAS AS DAM

1



**Candice Bezuidenhout**

2 Die Nelson Mandelabaai-metro se grootste dam, die Kouga, is op 7,9% – slegs ŉ stroompie wat sukkel om tussen digte gras deur te vloei. Plek-plek hou die stroompie op en kan ŉ klein plas eers weer meters verder opgespoor word.

3 Die dam wat ook die Kouga-munisipaliteit, wat Jeffreysbaai en Humansdorp insluit, en die Gamtoosvallei van water voorsien, het amper geen water in nie.

4 Lucas Andrew, die departement van water en sanitasie (DWS) in die Oos-Kaap, se direkteur, sê die droogte in die provinsie is reeds baie ernstig, veral in die westelike dele.

5 Volgens hom is daar reeds vyf munisipaliteite wat tot rampgebiede verklaar is weens die droogte. Die proses om ook die O.R. Thambo-distriksmunisipaliteit, wat dorpe soos Mthata en Port St Johns insluit, tot rampgebied te verklaar, is tans aan die gang.

6 Hy sê verder dat die reënval baie onvoorspelbaar was, met sekere damme in die provinsie wat vol is en ander wat baie leeg bly. Hy vra van die gemeenskap en individuele verbruikers om bewus te wees van die erge droogte en waterverbruik te verminder en lekkasies aan te meld.

[Aangepas uit *DIE BURGER, Saterdag 20 Januarie 2018*]

**WOORDVERKLARING**

- stroompie (par. 2) - baie klein riviertjie
- plas (par. 2) - ŉ poel water
- van water voorsien (par. 3) - gee water
- waterverbruik (par. 6) - gebruik van water
- lekkasies (par. 6) - water wat bv. uit ŉ pyp, of kraan uit drup, of lek

**Vrae:**

1. Wie is die skrywer van die koerantberig?

________________________________________________ (1)

2. Uit watter koerant kom die artikel?

________________________________________________ (1)

3. Op watter dag en datum het die artikel in die koerant verskyn?

________________________________________________ (1)

4. Wat dink jy is die hoofidee van die koerantberig? Omkring die letter van die mees korrekte antwoord.

   A Die Kouga-dam is baie leeg.
   B Reënval was onvoorspelbaar.
   C Vyf munisipaliteite is tot rampgebiede verklaar.
   D Kouga-dam is die grootste dam in die Nelson Mandelabaai-metro. (1)

5. Vind een woord in paragraaf 6 wat beteken ŉ mens weet nie wat gaan gebeur nie. Skryf slegs die woord neer.

________________________________________________ (1)

6. Waarvoor staan die afkorting DWS?

________________________________________________ (1)

7. Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is:

   7.1 Mthata en Port St Johns is ook as droë rampgebiede verklaar.

____________________________________________ (1)

7.2 Skryf 'n sin uit die teks neer om jou antwoord in VRAAG 7.1 te bewys.

______________________________________________________ (1)

8. Waarom is dit belangrik dat almal probeer om water te bespaar?

______________________________________________________ (1)

______________________________________________________

9. Wat is jou opinie van mense wat nie help om water te bespaar nie? (1)

______________________________________________________

______________________________________________________

Kopiereg voorbehou 

## LEES EN KYK: BOEKOMSLAG

Lees die onderstaande boekomslag en beantwoord vrae 10–13.




10. Noem die twee hoofkarakters in die boek.

____________________________________________________________ (1)

11. Gee enige ander titel van 'n boek wat deur Karina Kotze geskryf is.

____________________________________________________________ (1)

12. Die hoofkarakters ontdek ’n geheime grot en ’n versteekte skat en ontmoet die eilandbewoners. Wat dink jy kan nog met hulle op hierdie eiland gebeur? Noem twee dinge.

______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________ (2)

13. Sal jy graag die boek wil lees? Waarom sê jy so?

______________________________________________________

______________________________________________________ (1)

**LEES EN KYK: GEDIG**

Lees die onderstaande gedig en beantwoord vrae 14–21.

**DIE DONGAJOL**

Daar was eens dertig paddatjies
Diep in ’n moddersloot.
Hul sou die nag makietie hou,
Dans poot aan poot aan poot.



Keerrr voorrr! Daar stamp Platannatjie
Haar disnis teen ’n klip.
Hul laaf haar gou met slak-tjoutjou
En doepa haar bo-lip.

Toe riel die dertig paddatjies
En kwêla dat dit kraak,
Sluk kort-kort bietjies spaanserietbrou
Teen rumatiek en vaak.



Met dagbreek klink ’n dik gesteun:
“Ons gô is proppers uit!”
Toe spring elke padda hinkebeen
Terug na sy eie kluit.

[Marie van Reenen: Uit *Gouelint my storie begint*]

**WOORDVERKLARING**

- makietie (reël 3) – partytjie
- slak-tjoutjou (reël 7) – slak-bredie
- kwêla (reël 10) – tipe dansmusiek
- spaanserietbrou (reël 11) – tipe drankie
- kluit (reël 16) – ŉ klont of hopie grond
- donga (titel) – sloot

14. Wie het die gedig geskryf?

________________________________________ (1)

15. Verduidelik 'dongajol' in jou eie woorde.

________________________________________

________________________________________ (1)

16. Wat dink jy is ŉ riel (reël 9)?
Kies die mees geskikte antwoord deur die korrekte letter te omkring.

A Kuier
B Dans
C Kwaak
D Gesels (1)

17. Waarvoor help spaanserietbrou volgens die gedig?
Noem TWEE dinge.

________________________________________

________________________________________ (2)

18. Die herhaling van die "k"-klank in reël 10 – "**k**wêla dat dit **k**raa**k**" is ŉ voorbeeld van:
Kies die mees gepaste antwoord deur die korrekte letter te omkring.

A Metafoor
B Alliterasie
C Assonansie
D Personifikasie (1)

19. Waar of onwaar.
In die vierde strofe word omarmde rym gebruik.

________________________________________ (1)

20. Skryf 'n woord uit die gedig neer wat rym met "*moddersloot*".

_______________________________________________ (1)

21. 21.1 Dink jy die dertig paddatjies het hulleself baie geniet? Merk die korrekte antwoord.

| | |
|---|---|
| Ja | Nee |

(1)

21.2 Verduidelik jou antwoord in VRAAG 21.1. (1)

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

**TOTAAL AFDELING A: 25**

**BLAAI OM NA AFDELING B.**

## AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES

22. Gee die **verkleinwoord** van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord neer.
Byvoorbeeld: stroom – stroompie

Die **dam** se watervlak is baie laag.

_______________________________________________ (1)

23. Gee die korrekte **intensiewe vorm** vir die volgende woord.
Byvoorbeeld: **Baie vol** is propvol.
(Die dam is **propvol** water.)

Die dam is **baie leeg**.

_______________________________________________ (1)

24. Skryf die volgende sin oor en vul die korrekte **leestekens** in.

Lucas Andrews sê die droogte is baie ernstig

_______________________________________________

_______________________________________________ (4)

25. **Onderstreep** die korrekte woord tussen hakies om die sinne te voltooi.

25.1 Die provinsie is baie (droog / droër / droogste) as gewoonlik. (1)

25.2 Dit is die (min / minder / minste) reën wat nog ooit geval het. (1)

26. Kies die korrekte vorm van die **byvoeglike naamwoord** tussen hakies. **Onderstreep** die korrekte woord.

26.1 Dit is ŉ (leeg / leë) dam. (1)

26.2 Dit sal (goed / goeie) wees as almal water spaarsamig gebruik. (1)

27. Onderstreep enige **selfstandige naamwoord** in die onderstaande sin.

Die stroompie vloei tussen die digte gras. (1)

28. Skryf die sin in die **toekomende tyd**.
Byvoorbeeld: Dit reën hard.
Dit sal hard reën.

Almal moet water spaarsamig gebruik.

_______________________________________________ (1)

29. Skryf die sin in die **verlede tyd**. Begin met "*gister*".

Daar vloei 'n klein stroompie.

Gister _______________________________________________

_______________________________________________ (1)

30. Kies die **sinoniem** (woord met dieselfde betekenis) vir die onderstreepte woord. Omkring jou keuse.

Almal was <u>**bly**</u> toe dit begin reën.

A woon
B Hartseer
C Gelukkig
D Ongelukkig (1)

31. Skryf 'n **antoniem** (woord met teenoorgestelde betekenis) vir die onderstreepte woord neer. Skryf slegs die woord neer.

Die rivier vloei <u>**stadig**</u>.

_______________________________________________ (1)

32. **Onderstreep** die korrekte woord tussen hakies.

Die reën val (hart / hard) op die sinkdak. (1)

33. Verbind die twee sinne met die **woord** tussen hakies.

Die damme is leeg. Die reën was baie onvoorspelbaar. **(omdat)**

_______________________________________________

_______________________________________________ (2)

34. Onderstreep die korrekte **voorsetsel** in hakies.

Almal verlang (na / vir) die dae toe daar nog baie water was. (1)

35. Die woord "**was**" het meer as een betekenis. Gebruik die woord in twee kort sinne om twee verskillende betekenisse te wys.

____________________________________________

____________________________________________ (2)

36. Omkring die mees korrekte betekenis van die volgende **idioom**.

Die reën wat daar buite val is soos ***musiek in my ore***.

A Die reën wat val laat my sing.
B Die reën wat val is goeie nuus.
C Die reën wat val maak my ore seer.
D Die reën wat val sing liedjies in my ore. (1)

37. Onderstreep die korrekte **versamelnaam** in die volgende sin.

Daar is 'n (werpsel / trop / swerm) bye langs die dam. (1)

38. Skryf die sinne in die **ontkennende vorm**.
Byvoorbeeld: Dit reën hard.
Dit reën nie hard nie.

38.1 Die dam is leeg.

________________________________________ (1)

38.2 Almal meld lekkasies aan.

________________________________________ (1)

39. Skryf die **meervoud** vir die woord wat onderstreep is. Skryf slegs die woord neer.
Byvoorbeeld: dam – damme

Daar vloei 'n **stroom** water.

____________________________________________ (1)

40. Gee die **vroulike vorm** van die woord wat onderstreep is. Skryf slegs die woord neer.

My **buurman** het 'n watertenk in sy tuin.

____________________________________________ (1)

Kopiereg voorbehou 

41. Kies die korrekte **afleiding** van die woord **"vriend"** wat die sin waar sal maak. **Omkring** die korrekte letter.

Die man praat **(vriend)** met my.

A vriendin
B bevriend
C vriendelik
D vriendskap (1)

42. Skryf die **getal** in die volgende sin in woorde. Skryf slegs die woord neer.

Die dam is **80**% vol.

____________________________________________________________ (1)

43. Kies die korrekte **voornaamwoord** tussen hakies. **Onderstreep** die korrekte woord.

Ons moet (**hulle / julle / ons**) bes doen om water te bespaar. (1)

**TOTAAL AFDELING B (30 ÷ 2): 15**
**GROOTTOTAAL: 40**

Kopiereg voorbehou